

25 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 1

Fokusgedeelte: Jesaja 1:16-18

God betoon genade aan sy kinders, maar wreek Hom op sy teenstanders

Jesaja profeteer oor Juda met 'n oproep tot die skepping as getuienis, asof hulle regters moet wees in die beskuldiging teen die kinders van die HERE. Want sy kinders luister nie na sy stem nie. Hulle ken nie meer die Een aan Wie hulle behoort nie. Skyneiligheid het hulle voorland geword.

Die volk stel hulle eie eer voorop asof hulle God kan omkoop met offers om hulle sondes te vergewe. Die “kerk-volk” het in 'n struktuur verval waar daar vergewing gekom het met die offerdiens en elkeen op sy eie manier die HERE kon dien. Dit is asof hulle Christus reeds gekruisig het om Hom uit die weg te ruim, omdat Hy hulle hinder in hulle godsdiensbeoefening.

Soos Israel is ons oortuig dat ons bedoeling van ons godsdiensbeoefening opreg is en wil ons soos Pilatus ook ons hande in onskuld was. Maar as ons die water wil uitgooi, dan sien ons hoe bevlek dit met die bloed is wat aan ons hande kleef. Ons het deurweek geword met die sonde. Ons hele hart het krank geword. Ons lyf is vol houe wat nog nie versorg is nie, soos 'n sweer wat nog gesond moet word. En hoe langer ons aanhou met die lewenswyse wat ons handhaaf, hoe sieker word ons, want daar kom geen genesing nie.

Maar God roep ons op tot bekering: Was julle en reinig julle. Nie met water wat vuil word en weggegooi moet word nie, maar reinig julle in die bloed van Christus. Hy alleen kan julle van die ongeregtigheid van sondes vergewe!

Ons moet leer om goed te doen en ophou kwaad doen met die troos van vers 18.

Glo jy, geliefde kind van ons HERE Jesus, dat jy skuldig is? Dat jy bevlek is met die sonde? Dat jy alleen op God kan vertrou om jou sonde te vergewe? Want as jy dink dat jy die genade van God nie nodig het nie, weet dan dat jy blind geword het vir jou eie sonde!

Wanneer ons erken: HERE, ek kan myself nie red nie. HERE red my! – dan kan ek weet dat ek in vertroue en in geloof die HERE se aangesig soek. Maar as ek myself as heilig ag, en roem op my eie eer van geloof, moet ek op my hoede wees!

Sing: Psalm 2:2, 4, 5, 6

Teologiese Student Lourens Venter

